UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VII

## ONTWERPER VAN KERKGEBOUE VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE KERK

### 1. DIE ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU EN KOSTERSWONING VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE GEMEENTE ZAANDAM, 1873

Deur sy vestiging in Alkmaar in 1867 en in Amsterdam in 1870 en sy jarelange werksaamhede as opsigter by die aan= leg van die staatspoorweg in die omstreke van Zaandam, het Sytze Wierda as meelewende lidmaat van die Christelijk Ge= reformeerde Kerk sowel as argitek bekend geraak by die lid= mate van dié kerkgenootskap in Zaandam, Amsterdam en elders in Nederland.

Benewens sy werk as opsigter by die aanleg van staat= spoorweë vanaf 1866, wat hy in die oorsig van sy lewe en werk in Nederland tot in 1882 eerste genoem het, het Sytze Wierda sy argiteksWerksaamhede op die gebied van kerkbou ook vermeldenswaardig geag en dit tweede op die lys van sy aktiwiteite en prestasies geplaas. „Inmiddels vond ik nog", het hy vervolgens oorsigtelik in herinnering gebring, „gele= genheid onze Chr. Ger. Gemeente hier en daar by te staan en van nut te zijn, waar het de bouw van kerken, scholen of pastorieën gold, daar zij minder gaarne van moderne Architec= ten gediend wenscht te zijn en wanneer eigen krachten te kort schoten. Achtereenvolgens zijn de kerken die ik bouwden deze: te Zaandam, Nieuwendijk by Almkerk, Hijum in Vries= land, Baarn en een te Emlichheim in het Graafschap Bentheim .... benevens een Evangelisatie Gebouw te Tilburg in N. Brabant."[1]

Sy werksaamhede in die Zaanstreek, teen die einde van die sestiger- en in die begin van die sewentigerjare, sy talente en bekwaamheid op die gebied van die argitektuur en sy aktiewe en meelewende lidmaatskap van die Christelijk Gereformeerde Kerk, het daartoe gelei dat die klein, worstelende gemeente van sy kerk in Zaandam hom, saam met enkele ander argitekte, in 1873 uitgenooi het om 'n ontwerp te maak vir 'n nuwe kerkgebou op die hoofdorp van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zaanstreek, die eerste van 'n aantal doelmatige en sierlike kerkgeboue wat hy vir verskillende gemeentes van sy Kerk van daardie jaar af sou ontwerp en waaraan ons vandag nog as beskeie monumente aan sy lewe en werk in Nederland herinner word.

i. Die voorsiening van vergaderlokale vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam, 1836-1873

Nadat die „Afscheiding" in Ulrum onder leiding van ds. H. de Cock in 1834 tot stand gekom het, het dié gebeurtenis, wat verreikende gevolge vir die kerklike lewe in Nederland en elders gehad het, ook in Zaandam weerklank gevind. Samekomste van geesverwante van ds. De Cock het vanaf die= selfde jaar in Botenmakerstraat begin plaasvind, later in 'n gehuurde solder in 'n huis aan die Gedempte Gracht, des= tyds nog die Zilverpad genoem, in die Zuidzijde. Op 5 De= sember 1836 het 'n twaalftal persone onder leiding van ds. De Cock in die solder bymekaar gekom en hulle formeel van die Nederduitsch Hervormde Kerk afgeskei en met die instel= ling van die ampte op 6 Desember oorgegaan tot die stigting van die Christelijk Gereformeerde Gemeente van Zaandam.[2]

Uit die klein begin het die gemeente in die loop van die jare stadigaan gegroei, terwyl dit deur predikante van die Christelijk Gereformeerde Kerk van elders besoek en be= dien is.[3]

In Januarie 1854 het die lidmate daarin geslaag om 'n eie predikant in die persoon van ds. Van Leeuwen, van Putten, in hul midde te verwelkom. As gevolg van die drukkende maatskaplike toestande wat destyds in Nederland geheers het, het hy egter in geselskap van 'n aantal gemeentelede Zaandam vaarwel gesê en na Noord-Amerika verhuis.

Die huis met die solder in die Zilverpad, wat intussen deur die gemeente vir 1 000,- gulden gekoop is, het metter= tyd nie meer as 'n gemeentelike samekomsplek voldoen nie. Die godsdiensoefeninge is vanaf 1856 voortgesit in 'n ge= huurde gebou in die Molenbuurt teenoor die saagmeule „De Eikenboom", geleë aan die Westzijde.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1859 het die gemeente wat hom langs die hele Zaan uitgestrek het, sy eie baksteen-kerkgebou opgerig op 'n gunstig geleë perseel teenoor die gasfabriek wat met twee woonhuise daarop vir 492,- gulden gekoop is. Die bou-aannemer, was die baastimmerman T. Pepping, wat self ook 'n lidmaat van die Christelijk Afgescheiden Gemeente van Amsterdam was en wat die Zaandamse gemeente met gewaardeerde raad en daad bygestaan het en van wie se hulpvaardigheid die notule 'n mooi getuienis gee. Die eerste steen van die nuwe kerkgebou, „het oude Kerkje" tegenover de Gasfabriek", is op 23 September 1859 deur ds. Enting, van Amsterdam, gelê en het na sy ingebruikneming tot in die tyd van ds. Lindeboom as „kerkgebouwtje" diens gedoen.

Vanaf Junie 1861 tot Oktober 1870 het ds. J. Talsma die Zaandamse Christelijk Gereformeerde Gemeente bedien, en na 'n tydperk van herderloosheid wat op sy vertrek na Wijnjeterp gevolg het en waarin 'n pastorie vir 3 290,- gulden gekoop is, is hy in Februarie 1873 deur ds. Lucas Lindeboom, die „koninklijk evangelist" opgevolg. Op 28 Februarie 1873 is hy in die klein kerkgebou teenoor die gasfabriek deur ds. D.K. Wielenga, van Amsterdam, as predikant van Zaandam bevestig. Op daardie stadium het die lidmatetal van die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam skaars 1% van die totale bevolking van 12 000 inwoners uitgemaak.

„Broodnodig was de komst van een nieuwe Herder en Leraar", skrywe Schaap. „Een man die met vaste hand het roer van het Kerkschip zou besturen.... Die man kwam op Gods tijd in de persoon van Ds. Lindeboom. Zijn persoon en werk vormen een geheel nieuw hoofdstuk in het geschiede=nis onzer Kerk."[4] Elders het Schaap geskrywe dat ds. Lindeboom 'n jeugdige predikant met werklus was wat daarin geslaag het om die gemeente op te bou en tot 'n nuwe bloei te bring. Uit die Zaanstreek en uit Zaandam self het mense hulle gereeld aangemeld om, na geloofsbelydenis, lidmate van die Zaandamse Christelijk Gereformeerde Gemeente te word.[5]

---

Kerkgebou, Zaandam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bediening van ds. Lindeboom in Zaandam was buiten= gewoon geseën. Die kerkgeboutjie was tydens die eredienste stampvol met kerkgangers, sommige waarvan ook van elders na die prediking van ds. Lindeboom kom luister het. Spoedig het daar ernstige behoefte aan 'n nuwe kerkgebou ontstaan.

ii. Die oprigting van 'n nuwe kerkgebou

Skaars ses weke na die ampsaanvaarding deur ds. Linde= boom het die kerkraad begin aandag gee aan die probleem dat die bestaande kerkgeboutjie te klein geword het vir die steeds vermeerderende aantal kerkgangers. Toe die sieletal van die gemeente tot meer as 400 aangegroei het, ongeveer 300 katkisante binne afsienbare tyd die lidmatetal sou ver= groot, en 600 kerkgangers opdaag in die kerkgeboutjie wat normaalweg net 400 mense kon bevat, het die aandrang vir die bou van 'n nuwe kerkgebou, of so nie, die verbouing van die bestaande gebou, groter geword. Die voorsiening van meer ruimte het dringend noodsaaklik geword.

Verskillende pogings om 'n geskikte bouterrein in die sentrale gedeelte van Zaandam te verkry, het telkens misluk. Ten einde raad het die kerkraad aandag gewy aan die moont= likheid om 'n nuwe kerkgebou op die bestaande kerkgrond te bou. Op 2 Mei 1873 het die kerkraad aandag geskenk aan 'n ontwerp vir 'n nuwe kerkgebou, wat argitek Van der Koogh, van Zaandam, op versoek van die kerkraad gemaak het. Sy ontwerp het voorsiening gemaak vir 534 sitplekke onder in die kerk= gebou en daarbenewens drie galerye met 100 sitplekke. Die boukoste is op 25 000,- gulden begroot. Van die plan, wat ook die aankoop van 'n langsaan geleë terrein van die weduwee Dekker met 'n skoolgebou daarop teen 'n bedrag van 2 000,- gulden ingesluit het, is egter om gegronde redes afgesien.

Die groot brand wat op Pinksterdag, 1873, 'n aantal huise in Stationstraat, een van die hoofstrate van Zaandam, in puin gelê of erg beskadig het, het die onverwagse geleent= heid aan die kerkraad gebied om teen 'n bedrag van 2 800,- gulden eienaar van daardie erwe te word. Met die aankoop

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die goed geleë bouterrein, is 'n belangrike struikelblok in verband met die oprigting van 'n nuwe kerkgebou, uit die weg geruim. Op 'n kerkraadsvergadering van 23 Junie 1873 is besluit om die nodige stappe te doen om 'n bouvergunning vir 'n nuwe kerkgebou in Stationstraat van die stadsraad te verkry en reëlings te tref vir die verkryging van die beno= digde boufonds vir 'n ruim en doelmatige kerkgebou.

iii. Uitnodiging aan die argitekte Van der Koogh, Dekker, Wierda en Van Wijngaarden

Naas die besluite wat in verband gestaan het met die aansoek by die stadsraad om 'n bouvergunning en die nood= saaklike finansiële reëlings wat getref sou moes word voor= dat tenders vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou gevra sou kon word, het die kerkraad op 23 Junie 1873 verder be= sluit om die argitekte Van der Koogh en P.C. Bekker, albei van Zaandam, S. Wierda, van Amsterdam, en Van Wijngaarden, van Medemblik ten noorde van Alkmaar, uit te nooi om elkeen 'n ontwerp vir 'n kerkgebou met 'n kosteberekening in te stuur. Die ontwerp moes voorsiening gemaak het vir 800 sitplekke, geen galery nie, 'n konsistorie en 'n kosterswo= ning. Ook is terselfdertyd besluit dat die verskillende ontwerpe mettertyd aan die oordeel van een of twee ander boukundiges onderwerp sou word.


iv. Beoordeling van die ontwerpe

Blykbaar het Van Wijngaarden nie die uitnodiging aan= vaar nie. In plaas daarvan dat hy een van die vier mede= dingers was, het hy op versoek van die kerkraad as beoordelaar opgetree van die ontwerpe van Van der Koogh, Dekker en Wierda wat teen die einde van Julie of in die begin van Augustus 1873 in Medemblik aan hom besorg is.[6]

Toe hy op 7 Augustus die planne teruggestuur het, het hy reg in die begin van sy brief aan ds. Lindeboom gesê dat hy „niet twyfelachtig is" dat „van de 3 plannen.... het plan van den Heer Wierda het meest aan de gestelde voorwaarden zal voldoen, hoewel ik niets wil afdoen van de waarde der 2 andere plannen."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat Van Wijngaarden aanvanklik die drie planne met mekaar vergelyk het ten opsigte van die voorsiening van voldoende ruimte rondom die nagmaalstafel, die breedte van die toegangspaadjies, die inrigting en grootte van die kon= sistorie en die kosterswoning, en die aantal sitplekke wat deur middel van banke en stoele beskikbaar sou wees en tel= kens aan die ontwerp van Wierda voorkeur bo die ander twee gegee het - het hy hom in die res van sy brief uitsluitlik by die plan van Wierda bepaal. Aan die een kant het hy lof gehad vir die ontwerp van Wierda, maar aan die ander kant het hy nie gehuiwer om kritiek ten opsigte van sekere aspekte van die plan uit te spreek en wenke ter verbetering daarvan aan die hand te gee nie.

In die eerste plek het Van Wijngaarden lof gehad vir die uitwendige van Wierda se ontwerp. Die indeling van die kerkgebou met portale en bergplekke, wat op 'n latere stadium goed benut kon word vir die plasing van 'n orrel of by die aanbring van galerye en trappe, het vir hom „zeer goedgedacht" voorgekom. Die toegangspaadjies in Wierda se plan was vir hom ook beter en breër as by dié van die ander twee ontwerpe, veral in die lig van die feit dat die vereiste gestel is dat die paadjies nie te smal gemaak moes word nie. Ook die inrigting van die kosterswoning en konsistoriekamer met die uitgange na buite, was volgens die oordeel van Van Wijn= gaarden die doelmatigste aangesien, syns insiens, 'n ruim konsistoriekamer van 7,60 by 5 meter volgens die ontwerp van Wierda noodsaaklik was.

In die ontwerp van Wierda is voorsiening gemaak vir ongeveer 620 sitplekke, gereken 0,50 by 0,80 meter, terwyl 80 of hoogstens 100 stoele in die ruimte vir die nagmaals= tafel geplaas kon word. Volgens al drie ontwerpe sou daar sonder galerye nie meer as 700 sitplekke verkry kon word nie. Indien die behoefte aan meer sitplekke mettertyd groter sou word, het Van Wijngaarden aan die hand gegee dat 'n galery aangebring word op die solders van die portale waarvoor reeds in die plan van Wierda voorsiening gemaak is.

---

Kerkgebou, Zaandam: Interieur (bo) en Kerkgebou, Baarn: Plattegrond (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voortgaande het Van Wijngaarden verwys na die memorie van Wierda waarin hy gesê het dat hy in die suidelike gewel vir sekere redes geen ligrame geplaas het nie ofskoon hy dié ligrame tog in sy deursnede aantoon. Van Wijngaarden kon hom vereenselwig met Wierda se standpunt dat daar genoeg lig in die kerkgebou sou wees en het sy besware dus nie ongegrond gevind nie. Nogtans het hy aangeraai dat 'n venster aan albei kante van die preekstoel geplaas moet word aangesien onvoldoende en swak lig hinderlik vir die predikant sou wees. Die sonlig kon desnoods deur 'n gordyn getemper word. „Liever met licht verlegen„ dan er om verlegen", het Van Wijngaarden opgemerk en bygevoeg dat wanneer daar in die toekoms galerye langs die symure aange= bring moet word, vensters dan onmisbaar sou wees.

Naas lof het Van Wijngaarden die volgende punte van kritiek op sekere aspekte van die ontwerp waaraan hy voor= keur gegee het, uitgespreek. In die eerste plek kon hy hom nie vereenselwig met die metode waarvolgens Wierda die konsistoriekamer met daklanterns wou verlig nie. Hy het daklanterns afgeraai en was van mening dat 'n somber vertrek daardeur sou ontstaan, dat die konsistorie ingeval van 'n sneeustorm in donkerte gehul sou word en ingeval van ryp lekkasie sou ontstaan deur die bevriesing van die glas en die ontdooiing daarvan by kaggelhitte. Vir daardie gegronde redes sou hy liewer aanraai om in die agtermuur voorsiening te maak vir drie of vier vensters met skuif- of tuimelrame. Om die verlangde privaatheid te verseker, kon gordyne, mat= glas of sonblindings („jalouzieën") aangebring word.

By die gemis aan 'n bestek en 'n gedetailleerde begro= ting, was dit vir Van Wijngaarden nie moontlik om 'n oordeel oor die globale berekening van boukoste uit te spreek nie. Naas sy gedagtes oor enkele hoofsake, wat hy in sy brief aan ds. Lindeboom gestel het, was Van Wijngaarden van opinie dat dit noodsaaklik was dat enkele sake van ondergeskikte belang in verband met die ontwerp van Wierda deur hom ter geleëner tyd met die kerkraad bespreek behoort te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Wijngaarden het dus in sy brief baie duidelik laat blyk dat hy, behoudens enkele kleinere wysigings, voorkeur gee aan die ontwerp van Wierda. 'n Uitnodiging wat vroeër deur ds. Lindeboom tot hom gerig is om saam met Hart=gerink, 'n Amsterdamse boukundige en die ander lid van die Beoordelings- en Advieskommissie, die kerkraad op Woensdag=middag, 13 Augustus 1873, in die pastorie aan die Westzijde vir finale samesprekings oor die drie ontwerpe te ontmoet, is deur hom met graagte aanvaar.[7]

Die samesprekings tussen Van Wijngaarden, Hartgerink en die kerkraad het plaasgevind en dit is opmerklik dat by dié geleentheid net die planne van Dekker en Wierda in oor=weging geneem en met mekaar vergelyk is. Nadat die twee beoordelaars hul advies mondelings gegee het, is ten slotte voorkeur aan die plan van Wierda gegee maar op voorwaarde dat die volgende wysigings deur Wierda in sy plan aangebring moet word: „Met het oog op het onderhoud word het torentje met zink, in de vorm van leien, bekleed, in plaats van leien; op het dak der kerk geen leien, maar verglaasde pannen; in de consistorie andere ramen; en aan de zuidzijde van de kerk geen twee, maar vier groote ramen."

Uit die wysigings wat volgens die besluit van die kerkraad in die Wierda-plan aangebring moes word en waarvan die plasing van ekstra rame in die suidelike gewel die mees opvallende was, blyk dit dat die kerkraad blykbaar baie waarde geheg het aan die oordeel en deskundige advies van argitek Van Wijngaarden. Wat die aandeel van boukundige Hartgerink in die voorgestelde wysigings was, kan nie met sekerheid gesê word nie, behalwe dat hy moontlik verantwoor=delik was vir die kerkraadsbesluit om voorkeur te gee aan verglaasde panne vir die dak in plaas van leie.

'n Kenner van die geskiedenis van die Zaandamse Gere=formeerde Gemeente het die kerkraadsbesluit in verband met die plasing van meer rame in die suidelike gewel onderskryf, aangesien daar in Gereformeerde kerkgeboue - in teenstelling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met Rooms-Katolieke kerkgeboue met hul getemperde lig - baie meer lig moes wees.

In sy brief wat Wierda op 20 Augustus 1873 aan ds. Lindeboom geskrywe het, het hy laat blyk dat hy verheug was dat die onderskeiding hom te beurt geval het dat sy ontwerp vir die nuwe kerkgebou deur die kerkraad aanvaar is. Ook het hy te kenne gegee dat hy hom heeltemal kon vereenselwig met die voorgestelde wysigings behalwe met die besluit wat gelui het: „de kap niet te dekken met leien, maar met pannen (platte vorm)." Hy het sy standpunt gemotiveer en sy voor=neme te kenne gegee om Hartgerink, op wie se advies die kerkraad vermoedelik besluit het om die wysiging in die plan te laat aanbring, oor die aangeleentheid te gaan spreek en met hom oorleg te pleeg.

Wierda het voorts ook 'n afspraak gemaak om enkele kerk=raadslede op Maandag, 24 Augustus 1873, op die bouterrein te te ontmoet met die oog op 'n juiste opname van die terrein, die vasstelling van die hoogte van die funderingsvloer en die bespreking van enkele ander sake.

v. <u>Verdere aandag aan die boufonds</u>

Na die aanname van die ontwerp van Sytze Wierda, het die kerkraad onder die besielende leiding van ds. Lindeboom die reuse taak om voldoende fondse vir die oprigting van die nuwe ruim en doelmatige kerkgebou te verkry, met volhardende ywer en deursettingsvermoë aangepak. In die maande wat op Augustus 1873 gevolg het, is fondse van oral ontvang. Selfs Sy Koninklike Hoogheid Prins Hendrik der Nederlanden het 'n bedrag van 2 000,- gulden as rentelose lening op maklike terugbetalingsvoorwaardes voorgeskiet, terwyl sommige behoef=tige lidmate bokant hul vermoë bygedra het. Verder was dit ook opmerklik dat nie-lidmate ook hul medewerking verleen het.[8]

vi. <u>Die aanbesteding, 1.4.1874</u>

In weerwil van die feit dat die kerkraad na 'n volge=houe veldtog van fondsinsameling, wat oor meer as 'n halfjaar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestrek het, nog nie daarin geslaag het om die benodigde bedrag vir die boukoste bymekaar te kry nie, is daar vroeg in 1874 besluit om 'n daadwerklike begin te maak met die oprigting van die nuwe kerkgebou. Die „Bestek en Voorwaar= den" vir die oprigting van die kerkgebou is laat druk, terwyl die datum van aanbesteding vir 1 April 1874 bepaal is.[9]

Die laagste tender van 27 444,- gulden, wat bykans 7½% onder die begroting van 29 496,- gulden te staan gekom het, was afkomstig van 'n Amsterdamse bou-aannemersfirma, M. de Vries Jz. en J. de Ruyter, terwyl die ander drie ten= ders almal meer as 31 000,- gulden beloop het. Na die ontvangs van die betreklike lae tender van die firma De Vries & De Ruyter, is daar in Amsterdam navraag gedoen na die werk en goeie naam van die firma en nadat gerusstellende inligting ingewin is, is die tender van De Vries & De Ruyter vir die oprigting van die kerkgebou en bygeboue op 10 April 1874 aanvaar en het die bou-aktiwiteite kort daarna 'n aan= vang geneem.

vii. <u>Die bou-aktiwiteite</u>

Die oprigting van die kerkgebou het plaasgevind onder die opsigterskap van argitek Van Wijngaarden, wat teen 'n maandelikse salaris van 60,- gulden deur die kerkraad aan= gestel is. Die bouery het vinnig gevorder en op 8 Junie 1874 kon die eerste steen, met die opskrif Eben Haezer, reeds deur ds. Lindeboom gelê word. Terwyl die mure besig was om reeds hoog bokant die omringende huise sigbaar te word, het die bou-aannemers onverwagse en onoplosbare geldelike probleme ondervind en moes hulle hul werk aan die kerkgebou noodgedwonge staak.

Na lang en ernstige beraad het die kerkraad besluit om self as bou-aannemers op te tree en die res van die bou= werk vir sy eie rekening voort te sit en te voltooi. Die bouwerk het so goed gevorder dat tenders vir die skilder= werk op 21 Desember 1874 aanvaar kon word, die stukadoor= werk is volgens plan voortgesit en ondanks die onverwagse

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oponthoud en die teleurstellings wat ondervind is, het die bouwerk vroeg in 1875 gereed gekom. Sonder verwyl is die kerkgebou vir 25 000,- gulden, die konsistorie en kosters=woning vir 5 000,- gulden en die ameublement ook vir 5 000,- gulden verseker.[10]

viii. Die inwyding

Die inwyding van die sierlike en doelmatige kerkgebou het op Donderdagaand, 16 Februarie 1875, onder leiding van ds. Lindeboom onder groot openbare belangstelling plaasgevind. By dié geleentheid was die kerkgebou van hoek tot kant beset en onder die aanwesiges was daar tussen 400 en 500 wat nie lidmate van die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam was nie. Ds. Lindeboom het die inwydingsdiens in „dit nieuwe, zo doelmatig als smaakvol kerkgebouw" waargeneem. In sy wydingsrede wat uitgespreek is na aanleiding van Ef. 2:20-22: „De gemeente een heilige tempel van de Heere, gebouwd op het fundament der Apostelen", het hy verwys na die „bedehuis waarvan niemand kan zeggen dat vorm en inrich=ting hem tot wegblijven nopen". Later in sy rede het hy weer 'n keer verwys na die „ruim en schoon kerkgebouw" en „dit schoone kerkgebouw". Daar bestaan geen twyfel dat ds. Lindeboom hoog in sy skik was met die ruim, sierlike en doel=matige nuwe kerkgebou in die Stationstraat, wat vir dié tyd beskou was as 'n „zeer aanzienlijk (Zaandamse) gebouw."

Die voltooiing van die nuwe kerkgebou volgens die ontwerp van Sytze Wierda en die ingebruikneming daarvan by wyse van 'n plegtige inwydingsdiens, word weerspieël in 'n berig wat teen die einde van Februarie 1875 in 'n plaaslike Zaandamse koerant verskyn het: „Dat deze gebeurtenis (dit wil sê die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou) niet onopgemerkt mocht voorbijgaan spreekt van zelf. En niet alleen dat de officieele en officieuse leden der kerk de inwijding bijwoonde, maar zeer velen ook die tot andere kerkgenootschappen behooren, legden door hunne tegenwoor=digheid hunne belangstelling aan den dag. Ook B. en W. met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



den Secretaris hadden aan de uitnodiging om het feest bij te woonen, gehoor gegeven. Het getal toehoorders zal ongeveer 1,000-tal bedragen hebben, en voor allen was in het zoowel uit- en inwendig sierlijk kerkgebouw ruimschoots plaats."[11]

Wanneer daar met 'n kritiese oog gekyk word na die in=wendige kenmerke van die kerkgebou in Stationstraat, moet dit in gedagte gehou word dat dit ontwerp en opgerig is in 'n tyd toe dit van deurslaggewende belang was dat die groot=ste moontlike aantal sitplekke rondom die preekstoel ge=groepeer moes word. Die gebruik het daartoe gelei dat die ouderlinge en diakens vanaf hul sitplekke die predikant slegs vanuit 'n hoek van 45° kon sien en bygevolg ongerief tydens die eredienste verduur en dikwels met stywe nekke huis toe gegaan het. Aanvanklik is agter die banke van die kerkraadslede voorsiening gemaak vir die plasing van 'n aan=tal banke.

Die kansel in die Zaandamse kerkgebou was een van die elemente in die indrukwekkende kerkruimte, wat vanaf die voltooiing en ingebruikneming tot op die huidige dag die aandag van die kerkgangers en besoekers aan die historiese kerkgebou getrek het. Veral treffend is die sierlike hout=snywerk, wat deur die Friese kunstenaar, R. van Andringa, gemaak is. Deurdat 'n rustige agterwand oorspronklik ont=breek het, het die sierlike preekstoel egter nie tot sy reg gekom nie. Ook was die groot suidelike vensters aan beide kante van die preekstoel, hinderlik vir die kerk=gangers en het dit 'n mate van vermoeidheid by hulle tot gevolg gehad. Die verkeerde plasing van die vensters moet egter op rekening van die kerkraad geplaas word. Die toiletinrigting aan die regterkant agter die kerkraadsbanke, was in baie opsigte primitief.

Die baie kettings en ligornamente is oorspronklik in die kerkruimte aangebring ten einde voldoende lig bedags tydens ongunstige weersomstandighede en saans te voorsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die trekstange was van krulle en ander versierings voor= sien.[12]

ix. Groei van die gemeente

Elke Sondag na die plegtige ingebruikneming van die nuwe, sierlike kerkgebou op 16 Februarie 1875 was dit van hoek tot kant beset met kerkgangers wat graag na die Skrif-getroue prediking van die gevierde prediker van Zaandam wou luister. Op 14 Maart 1875 is die Heilige Nagmaal vir die eerste keer in die nuwe kerkgebou gevier en „zal menig oog hebben gelet op het nieuwe ruime kerkgebouw en de ge= schenken der liefde (3 schotels, 4 bekers en 1 wijnkan, alles van zg. Christoffel-zilver) staande op het witte laken."

Van toe af het die gemeente 'n voortdurende groei getoon en het die lidmatetal in 1882, toe ds. Lindeboom Zaandam vaarwel toegeroep het met die oog op die aanvaarding van 'n professoraat aan die Teologiese Skool in Kampen, reeds tot oor 800 geklim. Die ontstaan van die Doleansie in 1886 sou binne 'n aantal jare daarna lei tot die same= voeging van die lidmate van die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam en die „dolerendes" en die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in Zaandam.[13] Deur die oprigting van die ruim kerkgebou in 1875 was dit in die volgende aan= tal dekades steeds moontlik dat die Gereformeerdes van Zaandam sonder enige ongerief in die nuwe kerkgebou in Stationstraat gehuisves kon word. Deur die voorsiening van galerye op 'n sekere stadium en die omvangryke restoura= sie in 1961 onder leiding van argitek D.J. Waagmeester,[14] het die kerkgebou wat deur Sytze Wierda bykans 'n eeu ge= lede ontwerp is, steeds aan sy doel beantwoord en tot op die huidige dag 'n nuttige gemeentelike funksie vervul.[15]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. DIE ONTWERP VAN 'N „EVANGELISATIEGEBOUW" IN TILBURG VIR DIE KLASSIS GENDEREN VAN DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE KERK, 1874

Terwyl die onderskeiding Sytze Wierda in 1873 te beurt geval het om aangewys te word as die argitek wie se ontwerp= plan gebruik sou word vir die oprigting van 'n nuwe kerkge= bou vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam, het planne in die Klassis Genderen vir dieselfde kerkgenootskap begin vorm aanneem vir die oprigting van 'n lokaal vir evangelisasiedoeleindes in Tilburg.

Die kragtige leiding wat ds. Lucas Lindeboom vanaf Februarie 1873 as predikant van Zaandam gegee het vir die verwesenliking van 'n langgekoesterde ideaal om 'n sierlike en doelmatige kerkgebou vir die Zaandamse gemeente op te rig, is voorafgegaan deur sy jarelange, voortreflike pasto= rale arbeid in 's-Hertogenbosch. Daar, in die suide van Nederland, het ds. Lindeboom, voor sy koms na Zaandam, die grondslae gelê vir die oprigting van 'n kerkgebou en die totstandkoming van 'n predikantstandplaas. Net soos in die geval van ds. Lindeboom was argitek Wierda ook be= trokke by gemeentelike aktiwiteite in Zaandam sowel as in Tilburg, maar in Wierda se geval in omgekeerde volgorde.

As predikant van 's-Hertogenbosch vanaf 1866 het ds. Lindeboom sy pastorale arbeid nie uitsluitlik tot sy eie gemeente beperk nie maar mettertyd ook aandag gegee aan die omliggende gebied. In Tilburg het hy sy pastorale werk begin met 'n Bybellesing vir ses persone in die woon= huis van 'n Rooms-Katolieke gasheer - 'n historiese geleent= heid in die geskiedenis van die Christelijk Gereformeerde Kerk in daardie oorwegend Rooms-Katolieke geweste. In die daaropvolgende jare het kombuise, slaap- en ander beskikbare vertrekke as vergaderlokale vir hom gedien.

Na die vertrek van ds. Lindeboom, is die evangelisa= siewerk waarmee hy in Tilburg 'n aanvang gemaak het, voortgesit deur ampsdraers van die „Klassis Genderen van de Gereformeerde Kerken". In 1873 het hulle daarin geslaag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om 'n bouterrein in Tilburg te bekom, in die jaar daarop fondse te in en 'n „evangelisatiegebouw" op te rig volgens 'n ontwerp wat ds. Lindeboom, van Zaandam, in Amsterdam laat maak het.

Die verkryging van 'n bouterrein van 8 meter by 33 meter met 'n oppervlakte van 2 „aren" en 64 „centaren" geleë in Lange Nieuwstraat - „een bouwterrein, gedeelte van het perceel Sectie K, nummer 2607, in de Wijk Nijveroord, onder Tilburg" - en die transportering daarvan op die naam van die ampsdraers van die Klassis Genderen in Augustus 1873, was 'n belangrike voorwaartse stap in die bearbeiding van die lidmate en voornemende lidmate van die Christelijke Gereformeerde Gemeente Tilburg.

Deur middel van rentelose lenings, wat die bestuur van die Klassis Genderen in 1874,„ten behoeve van het Evangelisatie-locaal te Tilburg" uitgeskryf het[19] sowel as deur ander metodes van geldinsameling, was die oprigting van 'n evangeliesasiegebou in Lange Nieuwstraat binne 'n jaar na die verkryging van 'n bouterrein, besig om werklikheid te word.

Nadat die ontwerp van Sytze Wierda vir die nuwe Zaandamse kerkgebou in 1873 gefinaliseer is en die kerkraad van die Christelijk Gereformeerde Gemeente van toe af ywerig besig was om die boufonds te versterk met die oog op die aanvang van die bouwerksaamhede, was ds. Lindeboom instrumenteel om die samewerking van Wierda te verkry vir die maak van 'n ontwerpplan vir die Tilburgse evangelisasiegebou.

Sodra die ontwerp van Wierda vir 'n evangelisasielokaal deur ds. J.H. Wiersma in 's-Hertogenbosch ontvang is, het hy op 18 Mei 1874 by Burgemeester en Wethouders van Tilburg toestemming gevra vir die oprigting van die gebou volgens die ontwerp van argitek Wierda op die aangekoopte perseel Seksie K, nr. 2607, in die wyk Nyveroord. Op 21 Mei het Burgemeester en Wethouders geantwoord „dat bij ons geene bedenking daartegen bestaan."[20]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die inisiatief vir die aankoop van 'n geskikte bou= terrein in Tilburg en die oprigting van die „Evangelisatie= gebouw" het dus in 1873 van die ampsdraers van die Klassis Genderen uitgegaan, terwyl die gebou in Lange Nieuwstraat 57, wat in die jare daarna vir 'n verskeidenheid van doeleindes gebruik sou word, oorspronklik in werklikheid 'n sendingpos van die Christelijk Gereformeerde evangelisasie-arbeid in Noord-Brabant en Limburg was.[21]

Die presiese aanvangsdatum van die bouwerksaamhede en die voltooiing van die evangelisasiegebou is moeilik om vas te stel. Die aanvang van die bouwerksaamhede was ver= moedelik in Mei of Junie 1874, terwyl die voltooiing en ingebruikneming blykbaar in November van dieselfde jaar plaasgevind het.[22]

In 1875, ongeveer 'n jaar nadat die evangelisasiegebou in gebruik geneem is, kon Tilburg sy eerste vaste Christelijk Gereformeerde predikant in die persoon van ds. De Best in sy midde ontvang. Die gebou wat as evangelisasiegebou ont= werp, opgerig en in gebruik geneem is, sou van toe af vir geruime tyd as kerkgebou diens doen.

Die klein kerkgebou, met 'n breedte van skaars agt meter en 'n lengte wat net 'n gedeelte van die drie en dertig meter-lange bouterrein beslaan het, het 'n „steenen vloer" gehad en in die wintermaande was dit „vreeselijk koud" in die gebou. Vanaf November 1875 moes verskillende maatreëls getref word „om de Kerk zoveel mogelijk te verwarmen om de (45) kerkgangers zoveel mogelijk te lokken. Die ruimte voor die preekstoel was vir nagmaalsgeleenthede baie beknop, ter= wyl net twaalf persone aan die nagmaalstafel kon aansit. Die res van die nagmaalgangers moes dan noodgedwonge 'n plek in die sybanke van die kerkgebou neem vanwaar hulle „de predikant by de tafel op de rug keken". By geleent= heid van die hoë waterstand in 1881 het die vloer by die preekstoel begin insak. Hierdie ontwerp van Wierda het dus aan verskillende gebreke mank gegaan.[23]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die groei van die Christelijke Gereformeerde Gemeente Tilburg het daar in die tagtigerjare 'n behoefte ontstaan aan 'n ruimer en doelmatiger kerkgebou, wat in die negentigerjare daartoe gelei het dat die „Evangelisatiegebouw" in Lange Nieuwstraat 57 as kerkgebou prysgegee is vir 'n kerkgebou in Lange Nieuwstraat 51. Dié gebou het tot in 1923 as kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente Tilburg gedien, toe dit op sy beurt vervang is deur die sierlike en doelmatige kerkgebou op Molenbochtplein 33. Die ou kerkgebou is verkoop en deur sy nuwe eienaars as die „Gimnastieklokaal Olympia" ingerig.

'n Nuwe bestemming vir die „Evangelisatiegebouw"

Die „Evangelisatiegebouw" wat Sytze Wierda in 1874 ontwerp het en wat vanaf 1875 vir 'n aantal jare as kerkgebou vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Tilburg diens gedoen het, is die enigste van die ses kerkgeboue wat volgens die ontwerpe van Wierda opgerig is wat op 'n latere stadium nie meer as 'n Gereformeerde kerkgebou in gebruik gebly het nie maar vir ander doeleindes benut is.

Nadat die historiese gebou vir bykans 80 jaar agtereenvolgens in die besit van die Klassisse Genderen en 's-Hertogenbosch, en van die „Schoolvereeniging" was, het dit in 1952/53 oorgegaan in die hande van die „Apostolische Gemeente" van Tilburg. Op 21 Julie 1952 het die lede van die Schoolvereeniging „in principe besloten het gebouw Lange Nieuwstraat te verkopen aan de Apostolische Gemeente". Restourasiekoste van die gebou is destyds op 8 000,- gulden geskat en aangesien die „Schoolvereeniging" nie oor die bedrag beskik het nie en op daardie stadium ook nie meer van die gebou gebruik kon maak nie, is in beginsel besluit om die gebou van die hand te sit. Op 'n buitengewone ledevergadering op 5 September 1952 is met die teenstem van P.A. Bot, 'n besluit van die bestuur aanvaar „om het gebouw Lange Nieuwstraat tegen de officieel getaxeerde prijs van 6 100,- gulden te verkopen aan het Apostolisch Genootschap te Tilburg."[24]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

